# 31 Januarie 2024 - Lesing 228 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Geestelike lae peil - Geloofsbeproewing - Stryd – Wegneming – 13/10/61

**NO: 8017** Ook Myne moet deur 'n tyd van nood gaan, sodat hulle tot 'n steeds **sterker geloof** sal kom as Ek hulle keer op keer help uit hul nood. Hulle moet volhard tot aan die einde en het daarom 'n sterk en onwankelbare geloof nodig, **waaruit hulle die krag kan put om weerstand te bied.**

Die stryd teen die geloof sal die **laaste stryd wees** en dit sal met geweldadigheid gevoer word. Maar 'n lewende geloof sal teenstand bied omdat julle so innig met My verbind sal wees **dat julle niks sal vrees**, wat die teenstander ookal sal onderneem, om julle weer tot 'n val te bring nie.

'n Sterk geloof beteken ook 'n **lewendige verbinding** met My. Ek is vir julle dan nie meer die "verre God" nie, maar is vir julle die Vader, Wie by Sy kind is. En die "kind" hoef nie meer te vrees nie, omdat hy hom geborge voel onder Sy beskerming. En dan sal gesien word **wie aan My "ware kerk" behoort** wat Ek Self gegrondves het, wie 'n geloof besit soos Kefas (die rots Petrus), 'n geloof wat nie sal wankel nie, al breek daar nog hoeveel storms daaroor los. Dan sal blyk wie innig met My verbonde is en in die waarheid wandel en daarom ook weet van My heilsplan van ewigheid. Hulle sal ook sonder vrees die hoof bied teen alles wat die mense teen hulle sal onderneem.

Julle wat aan My behoort sal steeds duidelik herken dat die einde nie meer ver is nie. En julle moet met oop oë deur die wêreld gaan en insien hoe laag die geestelike peil is van die mensdom, dat hulle nie meer dieper kan sink nie en dat daarom 'n einde vereis word.

Die dag is al sedert ewigheid vasgestel en die termyn sal ook nagekom word. Maar die mense sal ongelowig julle aankondiging ignoreer en julle weinig gehoor skenk, wanneer hulle gewaarsku en vermaan sal word. Hulle sal planne maak vir die toekoms en nie daarvan wil afwyk nie. Hulle sal steeds wêrelds dink en aan julle geestelike vermaninge geen aandag skenk nie. Daarom sal hulle totaal verras word deur dit wat komende is.

Hulle sal sonder voorbereiding die einde belewe van hierdie aarde, as hulle nie vooraf geluister het na My laaste waarskuwende Stem wat sal weerklink nie, maar wat sal vereis dat hulle hulself geheel sal verander.

Teenoor alles wat gaan gebeur moet julle wat Myne is en wil bly, **gewapend wees**. Julle geloof mag nie wankel nie en julle moet vasstaan soos 'n rots. En tot dié geloof wil Ek julle help, deurdat julle steeds duideliker My hulp sal ervaar wanneer julle in groot nood verkeer. Ek sal julle waarlik nie verlaat nie, omdat julle julleself aan My toevertrou het en My wil dien.

Ek weet egter ook welke eise nog aan julle gestel sal word in die laaste tyd en Ek wil julle daarop voorberei, sodat julle aan hierdie eise kan voldoen en dat julle oor 'n geloofsterkte sal beskik wat julle die krag sal gee om te volhard in alles wat nog sal gebeur.

Op elke gebied waar nog 'n gebrek is by julle moet Ek help en **elkeen van julle moet Ek nog in My "skool" opneem** omdat Ek wil dat julle sal standhou. Ek wil dat julle alle versoekinge deurstaan en met al julle node na My kom en dat julle gelowig op My en My hulp vertrou. En steeds weer sal julle My hulp mag ervaar.

Keer op keer sal julle My Liefde en Mag ondervind en steeds wil Ek Self by julle wees, want die verbinding met My sal daardeur steeds sterker word. Dan bestaan daar nie meer die gevaar dat julle sal faal nie, want Ek behoed en beskerm julle teen My teenstander, wat ookal teen julle onderneem word.

Die laaste stryd op hierdie aarde **sal nie lank duur nie**, omdat Ek Self die dae sal verkort terwille van die uitverkorenes.

Maar hierdie stryd sal onherroeplik plaasvind, want **dit gaan oor die skeiding van die bokke (die ongelowiges) en die skape (die gelowiges).** Myne moet My ook **openlik bely** voor die wêreld. En vir hierdie bekentenis sal hulle ook die krag hê omdat hulle die teenstander nie vrees nie en hulle bewus is van My teenwoordigheid. Hulle sal met My krag vervul, **nie vir hom bang wees nie** en spreek sonder vrees en skroom, wanneer 'n belydenis van hulle gevra word.

En al lyk dit dikwels of die teenstander oorwinnaar is, hy sal julle nie kan vernietig nie. Want Ek sal Self kom in die wolke en sal julle red uit die hoogste nood. Ek sal Myne na My kom haal en My teenstander opnuut kluister vir 'n lang tyd. Ek sal aan sy woede 'n einde maak.

**Ek sal Myne wegneem van die aarde** en dan die werk van verandering volbring, sodat 'n nuwe verlossings-periode kan begin sodat die ontwikkelingsproses van alle geestelike substansies in die skeppings voortgesit kan word volgens die heilsplan van ewigheid. Amein.

*Efesiërs 6:11 Trek die **volle wapenrusting van God** aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. 12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die **owerhede, teen die magte**, teen die **wêreldheersers** van die duisternis van hierdie eeu, teen die **bose geeste in die lug**. 13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. 14 Staan dan vas, julle lendene met die **waarheid** omgord, met die borswapen van die **geregtigheid** aan, 15 en as skoene aan julle voete die **bereidheid** vir die **evangelie van vrede**. 16 Behalwe dit alles neem die **skild van die geloof** op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. 17 En neem aan die **helm van verlossing** en die **swaard van die Gees—dit is die woord van God**—*